

# WYS MY die Weg

LENT GROEPSRIGLYNE

# Voorbereidingsweek

**Check-in:**
Wat was die beste deel van jou dag vandag?

**Skrifgedeelte:**
"net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem. Stof is jy, en jy sal weer stof word." Genesis 3:19 (AFR83)

**Refleksie:**
Vir die volgende 40 dae gaan ons 'n reis aanpak. Op hierdie reis word ons uitgenooi om tyd opsy te sit en toe te laat dat ons verbeelding gevang word deur Jesus se lyding hier op aarde. Ons verbeel ons dat ons daar is, waar Hy was, en vra die Heilige Gees om ons harte opnuut aan te raak. Op hierdie manier beweeg ons nader aan die lydende Jesus. Ons vra die genade om saam met Hom te huil terwyl ons na die kruis reis.

Vroeg in die geskiedenis van die kerk het Christene die 40 dae voor Paassondag gebruik om hulle geestelik voor te berei vir die herdenking van die groot gebeurtenisse van Jesus se kruisiging en opstanding. Tradisioneel is dit 'n tyd van opoffering om ons te lei op 'n reis om iets van Jesus se lyding vir onsself te voel. Baie Christene gee iets prys gedurende hierdie tyd van voorbereiding. Sommige gee vleis, suiker, kafeïen of sosiale media op as 'n simbool van opoffering.

Die eerste dag van Lydenstyd word Aswoensdag genoem. Op hierdie dag – aan die begin van ons 40 dae van voorbereiding vir Paasfees – dink ons aan ons eie sterflikheid. Dit is tradisie in baie kerke om op Aswoensdag 'n merkie van as op jou voorkop te ontvang. Die as word gewoonlik gemaak van die palmtakke van die vorige jaar se Palmsondag. Dus, van "Hosanna!" (palmtakke) na "Kruisig Hom!"

Ons hou gewoonlik nie daarvan om aan ons eie sterflikheid herinner te word nie, maar ons voel en sien onsself ouer word. Ons erken die effek wat verwarring, hartseer, uitdagings, verwerping, besighede en siekte op ons het. Ons voel onsself dikwels buk onder die druk van ons gebrokenheid en beperkings. Ons is broos en kwesbaar. Tog, ten spyte van elke oomblik van ons 'dood', hoor ons die Stem van Liefde wat ons herinner dat ons nie net stof is nie, maar GELIEFDE stof.

As jy kan, wil jy dalk 'n in-persoon of aanlyn Aswoensdagdiens saam met jou groep bywoon.

**Gebruik daarna hierdie vrae vir verdere bespreking:**
- Wat was jou ervaring van Aswoensdag en Lydenstyd in die verlede?
- Waarvoor hoop jy hierdie jaar in jou Lydenstydreis?
- Is daar iets wat jy graag wil neersit of prysgee, of iets wat jy saam op hierdie reis wil dra of ontdek?
- Hoe kan ons as groep hierdie week vir jou bid?

**Groepsgebed:**
Bid gerus vir mekaar voordat julle afsluit met die herhaalgebed.

**Herhaalgebed:**
Here, ek vra vir die genade van 'n diep bewussyn van U teenwoordigheid en liefde in my lewe.

# Week 1: Die afwaartse weg

**Check-in:**
- Wat het vandag die grootste invloed gehad op hoe jy gevoel of gefunksioneer het? (Dit kan jou energie, stemming of ritme beïnvloed het.)
- As jy jou afgelope week se Lentreis met 'n woord, beeld of metafoor moet beskryf - wat sou dit wees, en hoekom?

**Psalm:**
Psalm 131 (TPT)

1 Lord, my heart is meek before you.
I don't consider myself better than others.
I'm content to not pursue matters that are over my head-
such as your complex mysteries and wonders-
that I'm not yet ready to understand.
2 I am humbled and quieted in your presence.
Like a contented child who rests on its mother's lap,
I'm your resting child and my soul is content in you.
3 O people of God, your time has come to quietly trust,
waiting upon the Lord now and forever.

Ons word genooi om met die ingesteldheid van die Psalmskrywer te kom… met Jesus as ons voorbeeld. Kyk na die volgende skrifgedeelte waar Jesus voete was.

**Skrifgedeelte:**
Johannes 13:1–17 (Afrikaanse vertaling)
1 Dit was net voor die Paasfees. Jesus het geweet dat sy uur gekom het
om hierdie wêreld te verlaat en na die Vader toe te gaan. Hy het sy eie
mense liefgehad wat in die wêreld was, en Hy het hulle liefgehad tot die
einde toe. 2 Die aandmaaltyd was aan die gang, en die duiwel het reeds
vir Judas, die seun van Simon Iskariot, oorreed om Jesus te verraai. 3
Jesus het geweet dat die Vader alles aan Hom gegee het, en dat Hy van
God gekom het en na God teruggaan; 4 daarom het Hy van die tafel af
opgestaan, sy bokleed uitgetrek en 'n handdoek om sy middel gebind.

5 Daarna het Hy water in ’n waskom gegooi en begin om sy dissipels
se voete te was en dit af te droog met die handdoek om Hom. 6 Toe
Hy by Simon Petrus kom, vra Petrus: “Here, gaan U my voete was?” 7
Jesus antwoord hom: “Wat Ek doen, verstaan jy nou nie, maar later sal
jy dit verstaan.” 8 Petrus sê vir Hom: “Nee, U sal nooit my voete was
nie!”Jesus antwoord: “As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My
nie.”9 Simon Petrus sê toe: “Here, dan nie net my voete nie, maar ook
my hande en my kop!”

10 Jesus antwoord: “Iemand wat gebad het, hoef net sy voete te was;
sy hele liggaam is reeds skoon. En júlle is skoon — alhoewel nie almal
nie.”11 Hy het geweet wie Hom sou verraai, en daarom het Hy gesê:
“Nie almal is skoon nie.” 12 Nadat Hy hulle voete klaar gewas het, trek
Hy sy klere weer aan en gaan sit. Hy vra: “Verstaan julle wat Ek vir julle
gedoen het? 13 Julle noem My ‘Leermeester’ en ‘Here’, en dit is reg,
want dit is wie Ek is. 14 Nou dat Ek, wat julle Here en Leermeester is,
julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was.15 Ek
het vir julle ’n voorbeeld gestel, sodat julle ook moet doen soos Ek vir
julle gedoen het. 16 Dit verseker Ek julle: ’n Slaaf is nie groter as sy heer
nie, en ’n gesant nie groter as die een wat hom stuur nie.

17 Nou dat julle dit weet, sal julle geseënd wees as julle dit doen.

**Refleksie:**

In hierdie toneel sien ons Jesus vol mag, vol kennis van wie Hy is, en volledig bewus van die lyding wat voorlê - kniel voor sy dissipels. Die Een wat alles in sy hand hou, neem ’n handdoek en ’n waskom. Hy kies die **pad van afwaartse liefde**, die weg van nederige diens.

Wat Jesus doen, is meer as ’n simboliese daad; dit is ’n openbaring van God se hart. God se heerlikheid wys Hom nie as ’n heerser wat bó mense staan nie, maar as ’n Koning wat tussen hulle kniel.
Petrus se weerstand weerspieël ons eie:

- ongemak om liefde te ontvang,
- vrees om te swak, te vuil of te onwaardig te wees,
- behoefte om beheer te behou.

Maar Jesus antwoord sag en ferm:
**“As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie.”**

**Die uitnodiging is:**
Lent begin nie by wat ons vir Jesus doen nie, maar by wat ons toelaat dat Hy vir óns doen. Die reis na die kruis begin by ontvang, ontvang van genade, reiniging, nederige liefde.

En dan sê Jesus:
"Doen soos Ek gedoen het."

Nie as 'n taaklys nie, maar as 'n manier van leef. Die pad van Jesus is altyd die afwaartse weg - die weg van nederigheid, diensbaarheid en liefde wat nie mag of posisie soek nie.

Wanneer ons mekaar se "voete was", fisies of simbolies, leef ons in die ruimte waar Jesus self beweeg: die ruimte van eerlike menswees, kwesbaarheid, broederskap en liefde wat sigbaar word in eenvoudige dade.

**Vrae vir verdere bespreking:**
- Wat staan vir jou uit in hierdie verhaal van Jesus wat sy dissipels se voete was?
- Hoe verstaan jy Jesus se manier van liefde wys — nie deur woorde nie, maar deur 'n eenvoudige, nederige daad?
- Waarom dink jy is dit vir baie mense ongemaklik om liefde te ontvang, soos Petrus?
- Watter moderne voorbeelde kan jy sien waar mense mekaar se "voete was" — deur diens, ondersteuning of nederigheid?
- Hoe kan ons hierdie week op praktiese maniere die voorbeeld van Jesus volg?

**Groepsgebed:**
Bid gerus vir mekaar voordat julle afsluit met die Herhaalgebed.

**Herhaalgebed:**
Here, ek vra vir die genade van 'n diep bewussyn van U teenwoordigheid en liefde in my lewe.

# Week 2: Die weg van ontlediging

**Check-in:**

• Wat van die vorige week se Lentreis - ’n gedagte, beeld, skrif of gesprek - het by jou bly vassteek of jou die meeste geraak?
• Wanneer jy terugkyk op die week, watter ervaring het jou die duidelikste laat besef dat God naby was?

**Psalm:**

Psalm 131
“Welgeluksalig is die mens wie se sterkte in U is, in wie se hart die gebaande weë is. As hulle deur die Droë Laagte trek, maak hulle dit ‘n fonteinland; ook oordek die vroeë reën dit met seëninge. Hulle gaan van krag tot krag; elkeen van hulle sal verskyn voor God in Sion.”

**Skrifgedeelte:**

Lukas 22:54-62 - AFR53

En hulle het Hom gevange geneem en weggelei en na die huis van die hoëpriester gebring; en Petrus het op ’n afstand gevolg. En toe hulle ’n vuur in die middel van die oortuin aangesteek en saam gaan sit het, het Petrus tussen hulle gaan sit. En ’n sekere diensmeisie het hom by die vuur sien sit en ingestaar en gesê: Hierdie man was ook saam met Hom. Maar hy het Hom verloën en gesê: Vrou, ek ken Hom nie.
En kort daarna het ’n ander hom gesien en gesê: Jy is ook een van hulle. Maar Petrus antwoord: Man, ek is nie. En omtrent ’n uur later het ’n ander een dit bevestig en gesê: Waarlik, hierdie man was ook saam met Hom, want hy is ’n Galileër. Maar Petrus antwoord: Man, ek weet nie wat jy sê nie! En op daardie oomblik, terwyl hy nog praat, het die haan gekraai. En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk; toe onthou Petrus die woord van die Here, dat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En Petrus het uitgegaan en bitterlik geween.

**Refleksie:**

In hierdie nagtoneel sien ons Petrus, die vurige, dapper dissipel - nou stilweg op ’n afstand volg. Die mens wat gesê het hy sal saam met Jesus sterf, beweeg nou versigtig, onseker, half versteek. Dit is die eerste teken van sy innerlike worsteling: hy wil naby wees, maar hy is bang vir wat dit mag vrae. By die vuur word Petrus ontmasker, nie net deur die meisie of die manne nie, maar deur die waarheid in homself. Drie keer kry hy die kans om te staan met Jesus, en drie keer kies vrees die woorde vir hom: “Ek ken Hom nie.”

Die hele toneel verander by een subtiele, heilige beweging:
“En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk.”
Nie ’n woord - Nie ’n beskuldiging - Net ’n blik.
Dit is ’n blik wat alles onthul - en alles dra.

’n Liefde wat die waarheid sien, maar nie terughou nie. ’n Sagte herinnering aan Jesus se voorspelling, maar ook aan Jesus se verbintenis: Petrus, Ek het jou geken nog voordat jy My verloën het- en Ek weet wie jy gaan word.

Petrus se bitter trane is nie net trane van skuld nie. Dit is trane van ontwaking - die prys van liefde wat hom oopbreek. Dít is die afwaartse weg: om jouself raak te sien in jou swakheid, en juis daar deur Jesus gesien te word.

Hier, nog vóór die kruis, wys Jesus al hoe ver sy liefde strek:
Tot by dié wat vlug - Tot by dié wat misluk - Tot by dié wat Hom verloën.
Selfs dáár draai Liefde om… en kyk.

**Vrae vir verdere bespreking:**

1. Wat tref jou die meeste in hierdie toneel - Petrus se afstand, die drie verloënings, of Jesus se blik? Waarom?
2. Hoe verstaan jy die betekenis van Jesus se kyk na Petrus? Wat sê dit oor Jesus se karakter?
3. Waarna nooi die verhaal jou wanneer jy dink oor God se Liefde?

**Groepsgebed:**
Bid gerus vir mekaar voordat julle afsluit met die Herhaalgebed.

**Herhaalgebed:**
Here, ek vra vir die genade van 'n diep bewussyn van U teenwoordigheid en liefde in my lewe.

# Week 3: Die Weg van Bereidwilligheid

**Check-in:**

1. Wat het vir jou lewe gegee/geneem hierdie week
2. Hoe was dit vir jou om in die week wat verby was saam met Jesus op Sy pad van swaarkry te stap?

**Psalm:**

Die Here is groot

Vir die koorleier: ’n Dawidspsalm. Ek het met hunkering op die Here gewag. Hy het na my afgebuig en my geroep gehoor, en my opgetel uit die afgrond van die dood, uit die modder en die slym. Hy het my voete op ’n rots laat staan en my op vaste grond

laat loop. Hy het my ’n nuwe lied gegee, ’n lofsang om ons God te prys. Baie sal met eerbied toekyk. Hulle sal op die Here vertrou. Geseënd is die mens wat op die Here vertrou, wat hom nie wend na hooghartiges, of vertrou op vals gode nie. Here my God, U het baie wonders gedoen. U planne vir ons kan met niks vergelyk word nie.

As ek van al u wonderdade wil vertel, is dit te veel om op te noem. Slagoffers of graanoffers wil U nie hê nie. U het my in staat gestel om te luister. Brandoffers of sonde-offers het U nie nodig nie. Toe sê ek: “Kyk, ek kom! In die boekrol is dit oor my geskryf. Dis my begeerte om u wil te doen, my God, want u voorskrifte is in my hart.” - Psalm 40: 1-9 (NLV)

Psalm 40 begin by ’n mens wat diep bewus is van die gebrokenheid van hierdie wêreld. Die digter beskryf ons bestaan soms soos iemand wat in ’n modderige put afsak, waar elke beweging swaar voel, waar daar nie vaste grond onder die voete is nie. Ons ken daardie gevoel. Omstandighede maak seer. Dinge gebeur wat ons nie gekies het nie, en wat ons nie altyd kan beheer nie.

Net soos Psalm 40 ons herinner aan die gevoel van vasgevang wees in ’n modderput, sien ons dieselfde menslike broosheid in die tuin van Getsemane, waar Jesus worstel en sy dissipels, oorweldig deur swaarkry en moegheid, aan die slaap raak wanneer Hy hulle die nodigste het.

**Skrifgedeelte:**
EN Hy het vertrek en volgens gewoonte na die Olyfberg gegaan. En ook sy dissipels het Hom gevolg. En toe Hy op die plek kom, sê Hy vir hulle: Bid dat julle nie in versoeking kom nie. En Hy het Hom van hulle afgesonder omtrent so ver as ‘n mens met ‘n klip kan gooi, en neergekniel en gebid en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied! En ‘n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. Luk22:39-43

**Refleksie:**
In hierdie gedeelte sien ons Jesus nie as die wonderwerker of leraar nie, maar as die Volkome Mens wat die swaarheid van lyding diep beleef. Op die Olyfberg, ’n plek waar Hy “volgens gewoonte” gebid het, word Hy gekonfronteer met die “beker” van lyding wat voor Hom lê. Hy is nie onaangeraak of onbewus van die pyn wat wag nie - Hy voel dit volledig.

En te midde van sy eie angs, vra Hy sy dissipels net een eenvoudige ding: “Bid dat julle nie in versoeking kom nie.”Terwyl Jesus die grootste innerlike stryd beleef, lyk dit of Hy steeds meer bekommerd is oor die harte van sy vriende as oor sy eie nood.

Wanneer Hy Homself van hulle af wegbeweeg, kniel Hy neer. Dit is die postuur van oorgawe. Sy woorde openbaar die kern van ware dissipelskap:

**“Vader… laat nogtans nie my wil nie, maar U wil geskied.”**

Hier is die hart van geloof:
Nie die afwesigheid van vrees nie, maar die oorgawe van vrees.
Nie die ontsnapping van swaarkry nie, maar die berusting dat God se wil groter is as ons eie.
En dan gebeur iets besonders:
**’n Engel verskyn en versterk Hom.**

Dit wys vir ons dat God se ondersteuning nie altyd die verwydering van swaar situasies is nie. **Soms is dit die krag om daardeur te gaan.**

Hierdie teks herinner ons dat gehoorsaamheid soms swaar is, dat geloof soms gebroke knieë het… maar dat oorgawe altyd ruimte maak vir God se versterking.

**Vrae vir verdere bespreking:**
1. Hoe resoneer Jesus se gebed met jou vandag? - “as U tog maar hierdie beker wil wegneem ?”
2. Waar in jou lewe voel jy tans dat jy tussen jou eie wil en God se wil staan? Wat sou “kniel” daar beteken?

**Groepsgebed:**
Bid gerus vir mekaar voordat julle afsluit met die Herhaalgebed.

**Herhaalgebed:**
Here, ek vra vir die genade van ’n diep bewussyn van U teenwoordigheid en liefde in my lewe.

# Week 4: Die Weg van Lyding

**Check-in:**

- Wat was vir jou verrassend in die week wat verby was?
- Watter woord of prentjie beskryf jou week?

**Psalm:**

My God, my God, waarom het U my verlaat? Is U ver weg van my verlossing, van die woorde van my gekerm? My God, ek roep bedags, maar U antwoord nie; en snags, en ek het geen rus nie. Nogtans is U heilig, U wat troon op die lofsange van Israel. Op U het ons vaders vertrou; hulle het vertrou, en U het hulle uitgehelp. Na U het hulle geroep en is gered; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie. Maar ek is ’n wurm en geen man nie, ’n smaad van mense en verag van die volk. Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof: “Hy het dit aan die HERE oorgelaat—laat Hom hom red; laat Hy hom verlos, omdat Hy ’n welbehae in hom het.” Want U het my uit die moederskoot getrek; U het my laat vertroue hê toe ek aan my moeder se borste was. Op U is ek gewerp van die geboorte af; van die skoot van my moeder af is U my God. Wees nie ver van my af nie, want die nood is naby, omdat daar geen helper is nie.
Psalm 22:1-11 AOV

Wanneer Jesus aan die kruis uitroep: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” haal Hy die woorde van Psalm 22 aan - ’n gebed wat die gevoel van verlatenheid én die herinnering aan God se trou dra. Soos Markus 15 se gedeelte, beskryf die psalm die spanning tussen pyn en vertroue, tussen bespotting, menslike moegheid en hopeloosheid. Deur hierdie woorde te bid, wys Jesus dat selfs in sy diepste nood bly Hy steeds in gesprek met die Vader. Psalm 22 word die taal van sy lyding én die herinnering dat God nog altyd naby was, selfs wanneer Hy vêr voel.

**Skrifgedeelte:**
29 Die verbygangers het net spottend hulle koppe geskud en Hom
toegesnou: “Ha-ha, jy kan mos die tempel afbreek en dit weer in
drie dae opbou! 30 Red jouself nou, en kom van die kruis af!” 31 Die
priesterhoofde en die skrifkenners het ook onder mekaar met Jesus
gespot en gesê: “Foeitog, hy het ander gered, maar hy kan homself
nie red nie. 32 Hy is dan glo die Messias, die Koning van Israel. Laat hy
nou afkom van die kruis! Dan sal ons sien en glo!” Selfs die kriminele
wat saam met Hom gekruisig is, het Hom beledig. Jesus sterf en ’n
Romeinse offisier verklaar dat Hy die Seun van God was
33 Om twaalfuur het dit oor die hele land donker geword tot drie-uur
daardie middag. 34 Dit was toe dat Jesus baie hard uitgeskreeu het:
“Eloï, Eloï, lemá sabagtani?” As ’n mens dit vertaal, beteken dit: “My
God, my God, hoekom het U My verlaat?”
35 Party van die omstanders het dit misverstaan en gedink Hy roep die
profeet Elia. 36 Toe hardloop iemand, maak ’n spons vol suur wyn, sit
dit op ’n riet en gee dit vir Hom om te drink. Hy sê toe: “Wag, kom ons
kyk of Elia hom kom afhaal!”
37 Maar Jesus het hard uitgeroep en sy laaste asem uitgeblaas. 38
Daarna het die swaar gordyn in die tempel in twee geskeur, van bo tot
onder. 39 Toe die Romeinse offisier oor honderd wat reg voor Hom
gestaan het, Jesus só sien sterf, was sy woorde: “Waarlikwaar, hierdie
man was die Seun van God!” - Mark 15: 29 - 39 (NLV)

**Refleksie:**
Die toneel om die kruis is rou en eerlik: mense lag, spot, misverstaan en beskuldig. Jesus hang vasgenael tussen lyding en verlatenheid. Sy woorde “My God, waarom het U My verlaat?” - is nie ’n teken van ongeloof nie, maar ’n getuienis van die diepte van sy menslikheid. Hy ken die ervaring van totale alleenheid, van onregverdige oordeel, van pyn wat te swaar word om stil te dra.

Ironies genoeg is dit nie die godsdienstige leiers of die skare wat God se waarheid raaksien nie - maar ’n Romeinse offisier, ’n buitestaander. Hy kyk na Jesus se sterwe en herken dit vir wat dit is: “Waarlik, hierdie man was die Seun van God.”
In hierdie oomblik sien ons dat God dikwels juis in die donkerste tye, waar 'n gespot en verwarring regeer, die helder lig van waarheid laat deurbreek. Die gordyn skeur. God is nie vêr weg nie - selfs wanneer dit voel asof alles om ons gebreek het.

**Vrae vir verdere bespreking:**

1. Waar in jou lewe het jy al gevoel soos Jesus aan die kruis - in pyn, moeg, misverstaan, alleen, of verkeerd beoordeel? Hoe resoneer sy woorde "My God, waarom het U My verlaat?" met jou eie ervaring?
2. Die Romeinse offisier sien iets wat ander nie raaksien nie. Waar het jy al God se teenwoordigheid op onverwagte plekke van swaarkry of deur onverwagte mense ontdek?
3. As jy vandag na die kruis kyk, en Jesus se Woorde van lyding hoor, wat let jy op?

**Groepsgebed:**

Bid gerus vir mekaar voordat julle afsluit met die herhaalgebed.

**Herhaalgebed:**

Here, ek vra vir die genade van 'n diep bewussyn van U teenwoordigheid en liefde in my lewe.

# Week 5: Die Weg van Oorgawe

Check-in:

- Watter kleur verteenwoordig hoe jy vandag voel?
- Watter woord of metafoor beskryf jou afgelope week se Lentreis?

Psalm:
Psalm 31 1-5; 15-16
Soos vertaal deur Nan Merrill
(Uit haar boek "Psalms for Praying: An Invitation To Wholeness".)

In you, Beloved, I would make my home;
Though I be humiliated with guilt,
Your mercy and forgiveness will deliver me!
Hear me, and hasten to my assistance!
For you are my strength and have the power to raise me up!

Yes, you are strength and truth to me,
You are my teacher and my guide;
The fire of your abiding love cleanses my heart.
Loosen the webs that entangle me, that veil my love for you.

Into your heart I commend my soul.
You have redeemed me O Love, O Faithful One!

Still, I trust in You, O Beloved, I repeat, "You are my Life."
My life is in Your hands; Deliver me from the fears
which separate me! Let Your face shine on me!
Hold me in Your steadfast love!

Psalm 31 is ’n gebed van iemand wat heelhartig oorgee -  nie omdat die omstandighede maklik is nie, maar omdat God die enigste veilige plek bly. Die psalmdigter sê: “In U, Geliefde, wil ek tuisgaan … My lewe is in U hande.” Dit is die taal van iemand wat vasgehou word deur ’n liefde sterker as vrees, chaos of selfs dood.

Wanneer Jesus aan die kruis roep: “Vader, in U hande gee Ek my gees oor” (Lukas 23:46), hoor ons ’n eggo van hierdie Psalm. Jesus se laaste asem is nie ’n skree van wanhoop nie, maar ’n gebed van vertroue - ’n oorgawe aan die Een wat Hom dra. In die donkerste uur maak Jesus die woorde van die Psalm sy eie. So wys Hy vir ons dat oorgawe nie ’n teken van swakheid is nie, maar ’n daad van diep geloof: selfs wanneer alles uitmekaar val, is ons steeds veilig in die hande van die Vader.

**Skrifgedeelte:**
Met ’n harde stem het Jesus uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor!” Nadat Hy dit gesê het, het Hy sy asem uitgeblaas. – Lukas 23:46

**Refleksie:**
In Jesus se laaste woorde aan die kruis hoor ons nie net die pyn van ’n sterwende mens nie, maar ook die hartklop van ’n Seun wat volkome vertrou. “Vader, in U hande gee Ek my gees oor.” Dit is ’n gebed van oorgawe, nie uit wanhoop nie, maar uit wete dat die Vader getrou is, selfs wanneer die wêreld rondom Hom donker word.
Hier, op die punt van sy laaste asem, kies Jesus om Homself toe te vertrou aan die Een wat Hom dra. Hy hou nie vas aan beheer, aan mag, of aan ’n uitkoms nie. Hy rus eenvoudig in die hande van die Vader. Hierdie woorde herinner ons dat geloof nie altyd klink soos oorwinning nie; soms klink dit soos oorgawe. Soms is geloof die eenvoudige maar diep moed om te sê: “Here, ek is in U hande.”
Wanneer ons hierdie woorde hoor, word ons ook genooi om te herken waar óns nog vashou - waar ons beheer probeer behou, waar ons vrese dra, waar ons nie kan ontspan in God se liefde nie. Jesus wys vir ons ’n ander weg: ’n liefdevolle oorgawe, ’n sagte neerbuig in die hande van ’n Vader wat nie loslaat nie.
In die stilte na Jesus se laaste asem is daar ’n heilige ruimte -  die plek waar dood en lewe mekaar raak. En in daardie ruimte fluister die Gees nog altyd: “Jy is veilig. Laat los. Rus in My.”

**Vrae vir verdere bespreking:**

1. Watter woorde of beelde kom by jou op wanneer jy Jesus hoor sê: "Vader, in U hande gee Ek my gees oor"?
2. Waar in jou lewe verlang jy na dieselfde soort rus en oorgawe wat Jesus hier wys?
3. Waarna word jy uitgenooi as jy na die sin kyk: "My lewe is in God se hande"?

**Groepsgebed:**

Bid gerus vir mekaar voordat julle afsluit met die herhaalgebed.

**Herhaalgebed:**

Here, ek vra vir die genade van 'n diep bewussyn van U teenwoordigheid en liefde in my lewe.

mosaïek

www.mosaiek.com | 011 268 4700 | info@mosaiek.com
1 Danielle Street, Fairland, Johannesburg